higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

31 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	G
	1.1.2	H
	1.1.3	I
	1.1.4	F
	1.1.5	D
	1.1.6	J
	1.1.7	A
	1.1.8	C
	1.1.9	E
	1.1.10	B

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Waar
	1.2.4	Onwaar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Waar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Onwaar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Waar

(10 × 1) (10)

1.3	1.3.1	C
	1.3.2	B
	1.3.3	A
	1.3.4	B
	1.3.5	C
	1.3.6	C
	1.3.7	A
	1.3.8	B
	1.3.9	C
	1.3.10	B

(10 × 2) (20)
[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Fineer is dun lagies hout, wat tussen papierdun en 3 mm dik wissel, wat van 'n blok hout afgeskil is.✓ Fineer kan as aaneenlopende velle van 'n blok afgesny word (draaisnywerk)✓ of as flense✓ afgeskil word. Fineerflense se rante word afgewerk, greinpatrone gepas✓ en op dikker agterwerk soos laaghout en spaanderbord✓ geplak. Fineer wat van 'n bepaalde blok afkomstig is, word in volgorde gehou sodat dit later in verskillende greinpatrone gepas kan word.✓ Die deel van die boom en die manier waarop dit gesny is sal verskillende fineerpatrone produseer.

2.1.2 Laaghout is 'n gelamineerde of gelaagde houtpaneel✓ wat uit fineer of houtlae✓ bestaan waarvan die grein loodreg teenoor mekaar loop.✓ Die meeste laaghout bestaan uit drie, vyf of sewe lae,✓ afhangende van die dikte van die paneel. Die wisseling van lae (altyd 'n ongelyke aantal) bied sterkte in twee rigtings om kromtrekking, splitsing en krimping van die paneel te verminder.✓ Hierdie stabiliteit is nuttig vir die konstruksie van vloere, mure, dakplate, paneelwerk en meubels.✓

(2 × 5) (10)

2.2 'n Metaalroller word gebruik om 'n patroon in die papier✓ te druk en 'n verhewe oppervlak✓ te vorm. Gebosseleerde papier moet teen 'n muur wat met dun, sagte papier uitgevoer is,✓ gehang word om 'n fondament te skep waaraan die swaar bedekking kan kleef.✓ Wanneer hierdie papier gehang word, moet dit nie te hard gedruk✓ of gerek word terwyl dit nat is nie.✓

(Enige 5 × 1) (5)

2.3 2.3.1 Natuurlike materiale is dié wat natuurlik voorkom✓ – as organiese of anorganiese stowwe.✓ Organiese materiale is dié wat van plante en diere afkomstig is;✓ anorganiese (nielewende) materiale is dié wat in 'n natuurlike staat voorkom, soos grond, klei en klip.✓ Alhoewel albei tipes gewysig kan word deur 'n boom (plant)✓ of klip in reghoekige blokke✓ te sny, word albei desnieteenstaande as natuurlike materiaal beskou.✓

2.3.2 'n Saamgestelde materiaal is 'n materiaal wat van twee of meer materiale met duidelik verskillende fisiese en chemiese eienskappe bestaan. Wanneer dit gekombineer word, het die materiaal verskillende eienskappe van die individuele komponente. Die individuele komponente bly afsonderlik en onmiskenbaar in die finale struktuur en onderskei saamgestelde materiaal van mengsels en soliede oplossings.

Die nuwe materiaal mag vir verskeie redes verkies word: algemene voorbeelde sluit materiaal in, wat sterker, ligter en goedkoper is in vergelyking met tradisionele materiaal.

Meer onlangs het navorsers begin om waarneming, bewerking, berekening en kommunikasie aktief in saamgestelde materiale in te sluit, wat as Robotika-materiale bekendstaan.[2]

Tipiese ingenieursontwerpte, saamgestelde materiale sluit die volgende in:

- Gewapende beton en steenwerk
- Saamgestelde hout soos laaghout
- Gewapende plastiek, soos 'n veselversterkte polimeer of veselglas
- Keramiekmatrikse (saamgestelde keramiek en metaalmatryse)
- Metaalmatryse en ander gevorderde saamgestelde materiale

Saamgestelde materiale word oor die algemeen vir geboue, brûe en strukture soos bootrompe, swembadpanele, renmotorbakwerk, storthokkies, baddens, opgaartenks, nagemaakte graniet- en marmeropwasbakke, en werksoppervlakke gebruik.

2.3.3 Sintetiese materiale is nuwe stowwe✓ wat deur mensgemaakte prosesse vervaardig word. Plastiek is een van die beste voorbeelde, aangesien dit kunsmatig uit petroleum en chemikalieë✓ geskep word. Plastiek kom nie natuurlik voor nie, maar word van 'n kombinasie van natuurlik elemente✓ vervaardig. Materiale word vervaardig word van kunsmatige eienskappe wat nie natuurlik voorkom nie, word metamateriale✓ genoem. Baie van hierdie materiale word in spesialisvelde soos lugvaart en elektriese ingenieurswese, wat sonkragbestuur en klankbeheer insluit, gebruik.✓

(3 × 5) (15)

2.4 Graniet is 'n stollingsgesteente wat uit gestolde rots, wat naby die aardoppervlak voorkom✓, bestaan. Dit is baie dig,✓ hard✓ en duursaam;✓ dit het 'n fyn of growwe grein✓ en kom voor in skakerings van groen, pienk, geel en lig tot donker grys/swart.✓ Stollingsgesteentes kan presies gesny,✓ grof gelaat of blink afgewerk word. Graniet,✓ 'n stollingsgesteente, word vir muurfineer, tafelblaaie, trappe, vloere en ander afwerkings wat aan baie verweer blootgestel word, gebruik.✓ Graniet is harder as kalksteen, 'n sedimentêre gesteente, en marmer, 'n metamorfiese gesteente, en word aanbeveel vir areas wat aan baie verkeer blootgestel word.✓
Marmer is 'n metamorfiese gesteente wat deur intense druk en hitte✓ van stollingsgesteentes of sedimentêre rots gevorm is.✓ Marmer is die gevolg van die kristallisering van kalksteen,✓ en is baie hard (maar sagter as graniet) en duursaam.✓ Dit kom in verskeie kleure✓ voor en word gewoonlik tot gladde, blink oppervlakke afgewerk.✓ Marmer word vir dekoratiewe✓ muurpanele, kaggels, vloere, werksoppervlakke en tafelbaaie✓ gebruik. Die kleur wissel afhangende van die steengroef waar dit gemyn word. Barste word met veselglas versterk.✓ (15)

2.5 Glasblokke is teen 1900 ontwikkel en is algemeen in die 1920's en 1930's gebruik om natuurlike lig in fabrieke✓ in te laat. Hierdie eenhede word hoofsaaklik van kalksteen en sandsteen vervaardig en bestaan uit twee hol, halwe blokke glas wat saamgedruk is. Lug word uit die middel verwyder of deur ander gasse vervang.✓ Sommige glasblokke bestaan uit soliede glaseenhede✓ vir sterkte en word in plekke gebruik waar gedwonge toegang voorkom moet word. Glasblokke is in verskillende groottes, vorms en oppervlakafwerkings✓ beskikbaar. Verskillende tipes ligdeurlating kan geskep word deur verskillende tipes glasafwerking✓ soos mat-, geriffelde of helder afwerking te gebruik. Hierdie variasies kan aan die binnekant of op die oppervlak van die blok✓ aangebring word. Glasblokke word binnenshuis en buite gebruik, is nie-struktureel nie, en kan in geboë seksies gebruik word.✓ (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 Die konstruksiemetode en materiale wat in die proses gebruik word, het 'n direkte uitwerking op die koste van die finale produk.✓ Gehalte word bepaal deur die tipe vesel,✓ die pooldigtheid✓ en die basismateriaal.✓ Beter matte word geskep as die pool dieper is, en dus meer vesel gebruik is. ✓ Matte met beperkte veerkrag sal slytasie makliker toon.✓ Matte behoort vlekbestand te wees.✓ Matte moet maklik skoongemaak✓ kan word en moet vuiligheid weerstaan.✓ Die mat moet kleurvas wees – nie net teen lig nie,✓ maar ook teen sjampoe en verwering.✓ Statiese elektrisiteit✓ kan in gebiede waar die humiditeit laag is ontstaan en kan tot skadelose skokke lei wanneer metaalvoorwerpe aangeraak word.✓ Vesels met lae absorpsie veroorsaak statiese elektrisiteit,✓ maar nie-statiese afwerkings is nou beskikbaar.✓

Alle vervaardigde vesels weerstaan vog – sommige meer as ander. Hierdie faktor bepaal die vesel se vermoë om kleursel✓ te absorbeer, vlekke te weerstaan en bepaal ook die onderhoudseienskappe✓ daarvan. Vervaardigde vesels brand nie eintlik nie, maar is geneig om teen verskillende temperature te smelt of te plak.✓ Modakriel is die meeste hittebestand van almal, sal nie ontsteek nie, maar sal teen hoë temperature krimp.✓ Poliëster is blykbaar selfblussend en polipropileen is die minste hittebestand van alle vervaardigde vesels.✓ (10)

3.2
- Akriel
- Nylon
- Poliëster
- Polipropileen
- Rayon (5)

3.3 Deurknoopwerk is die proses waardeur tekstiel, veral matte, op gespesialiseerde, vinnige naaimasjiene✓ met verskeie naalde gemaak word. Honderde naalde stik honderde rye✓ bondels garingstof deur 'n rugmateriaal✓ wat die primêre agterwerk✓ genoem word. Die naalde druk die garingstof deur die primêre agterwerk waar lusse die garingstof in plek hou om 'n bondel te vorm wanneer die naald verwyder word.✓ Die garingstof word deur lusvormers gevang en in plek gehou om 'n luspoolmat✓ te vorm, of deur lemme gesny om 'n pluispoolmat✓ te skep. Verskillende tipes sekondêre agterwerk word met kleefmiddels bevestig vir verskillende tipes werkverrigting.✓ Dit kan in enige vorm of grootte vervaardig word.✓

(Enige 5 × 1) (5)

3.4 Rubber is in die 1940's ontwikkel en word vir binnenshuise aanwendings gebruik. Vandag is dit hoofsaaklik 'n kombinasie van sintetiese materiale,✓ hoewel dit ook van rubberbome✓ verkry kan word. Rubber word in vloerafwerkings van verskillende diktes,✓ tipes en kleure✓ gebruik. Dit kan as soliede velle✓ met verhewe ring- of ribpatrone,✓ of as inhaakteëls✓ gemaak word. Rubbervloere word in kleedkamers, lughawegeboue, winkelsentrums, hysers en kantore gebruik.✓ Rubber kan met verskeie nylonvesels✓ gekombineer word en word vir traprandte gebruik.✓ Rubbervloere kan naatloos✓ geïnstalleer word wat dit ideaal maak vir oppervlakke wat gereeld skoongemaak✓ moet word omdat die laste bitter smal is.✓
Rubbervloere beskik oor goeie kleureenheid✓ en voorkom slytasie omdat die totale dikte van die rubber met die kleur deurtrek is – nie net as 'n lagie bo-op nie.✓ Dit word vir onderlae onder matte gebruik.✓ Rubber is 'n goeie isoleerder op 'n vloer.✓
Rubbervloere word van butadienstireenrubber of ander sintetiese materiale✓ gemaak. Herwonne rubbervloere word van skrootbande gemaak.✓ Rubber is baie elasties en duursaam,✓ duik nie in nie✓ en is in twee vorms beskikbaar: 'n plat oppervlak met 'n marmerpatroon✓ of 'n soliede kleur met 'n verskeidenheid verhewe oppervlakke.✓ Die verhewe oppervlakke word gebruik om vuiligheid en modder van skoene te verwyder✓ en om water van die oppervlak af te laat loop om gly te voorkom. ✓ Rubberteëls is uitstekend vir ingange waar vuiligheid en modder voorkom en traksie op nat vloere nodig is.✓ (5)

3.5 Dit is 'n maklike en goedkoop manier om kleur op mure aan te bring.✓ As jy die kleur wil verander is dit baie makliker om materiaal as muurpapier✓ te verwyder. Al wat nodig is, is goeie materiaal en 'n bietjie stysel.✓ Hierdie metode beskadig nie die mure nie.✓ Die materiaal kan ook maklik verwyder✓ word. Die hele kamer,✓ slegs een muur of 'n gedeelte van 'n muur as 'n muurbehangsel,✓ kan bedek word. Materiaal kan in 'n houtraam gemonteer word om gebreke in die muur te bedek.✓ (5)

3.6 Kleiteëls is ongeglasuurde keramiekteëls.✓ Kleiteëls word om hul natuurlike growwe oppervlak vir kombuise en paadjies gebruik.✓
Keramiekteëls.✓ Geglasuur of bedruk. Kan op werksoppervlakke aangebring word. Kombuise, badkamers of vloere deur die hele huis. ✓
Porselein✓ word van natuurlike klei vervaardig, en is 'n digter vloerteël wat binnenshuis, buite en ook op werksoppervlakke gebruik word.✓
Marmer.✓ 'n Klassieke oppervlak is vir enige vertrek in die huis geskik, maar is nie teen suur en vlekke bestand nie – nie geskik vir kombuisoppervlakke nie – maar dit is baie geskik vir oppervlakke waarop gebak berei word.✓
Vlekvrye staal✓ – Moderne, blink, gepoleerde of gebosseleerde✓ metaal wat in die mediese veld✓ en ook in kombuise as skutplate,✓ in badkamers✓ en oor kaggels gebruik word.✓
Graniet✓ is 'n stollingsgesteente. Dit is die resultaat van die afkoeling en stolling van lawa wat gebruik word vir vloere,✓ mure✓ en werksoppervlakke.✓ Duursame oppervlakke vir kombuiswerksoppervlakke.
Kwartsiet✓ is 'n metamorfiese gesteente wat in verskillende kleure en teksture✓ beskikbaar is. Dit is geskik vir kommersiële en residensiële aanwendings en kan binnenshuis en buite✓ gebruik word. Duursame werksoppervlakke – gewilde Caesarstone-toepassing.

Leerders kan ook soliede hout, laminering en formika noem – bepunt op meriete.✓ (20)
[50]

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem tradisionele Suid-Afrikaanse wonings en bespreek die konstruksie van:

4.1.1 Mure

4.1.2 Dakke en plafonne

4.1.3 Vloere

4.1.4 Strukturele voorkoms

(4 × 5) (20)

KAAPSE KOTHUISARGITEKTUUR

Die Kaapse kothuis is 'n plaaslike vorm van die Middeleeuse Europese langhuistradisie wat veral rondom die Noordsee voorgekom het, en deur wit setlaars na die Kaap gebring is. Dit het gewoonlik uit 'n tweevertrekeenheid bestaan – die een vertrek was die woonkamer terwyl die ander as kook- en aldoelruimte gebruik is. Die dak was gewoonlik 'n saal- of skilddak, maar dit kon ook 'n geweldak wees. Die Kaapse kothuis kan as die voorloper van die Kaaps-Hollandse boustyl en ook die meer beskeie platdakstrukture in die binneland van suidelike Afrika beskou word.

KAAPS-HOLLANDSE ARGITEKTUUR

Dit is 'n streeksgebonde boustyl wat tydens die sewentiende, agtiende en vroeë negentiende eeue in die Kaap deur die Nederlandse, Vlaamse en Hugenote-setlaars ontwikkel is. Dit is gegrond op 'n geweldak met 'n kort spanwydte en simmetriese planne – gewoonlik in 'n I, T, H of U-struktuur. Plaashuise was gewoonlik enkelverdiepings met dik, wit gekalkte mure en relatief smal deur en vensteropeninge. Dakke is met plaaslike riet gedek en met kenmerkende gewels afgerond. Die gewels het met verloop van jare 'n aantal stylveranderinge ondergaan. Dorpshuise kon twee verdiepings gehad het en na die 1750's was dit hoofsaaklik platdakstrukture.

KAAPS-HOLLANDSE HERLEWING

Het in die laat 1890's in suidelike Afrika begin en het tot ongeveer 1930 geduur. Die argitektuur is gekenmerk deur die herlewing van elemente soos klein vensters met houtluike en meer algemeen, 'n swak herinterpretasie van die vroeëre gewel-tradisie. Een van die mees bekende voorstanders van die styl was Sir Herbert Baker wat die boustyl van die vroeë Nederlandse setlaars ná sy aankoms in die Kaap in 1892 as inspirasie vir verskeie van sy ontwerpe gebruik het.

Kopiereg voorbehou

GIETYSTER-ARGITEKTUUR

Gietyster is 'n term wat gewoonlik vir ru-yster gebruik word. Ru-yster is in 'n smeltkroes of hoogoond oorgesmelt en in vorms gegiet. Dit is sedert 1815 in Europa vir argitektuur gebruik en het die Kaap so vroeg as 1820 bereik. Tydens die Victoriaanse tydperk was dit algemeen vir elemente soos dekoratiewe afwerking en motiewe, vensters, balkonne en staatlampe gebruik, maar die sterkte wat dit onder druk het, het dit veral geskik gemaak vir kolomme en strukturele ondersteuning. Dit word ook in voorafvervaardigde huise gebruik waar strukture uit gietysterdele wat met sink bedek is, bestaan het. Hierdie huise is vanaf Brittanje na die koloniale markte uitgevoer.

KORBEEL-ARGITEKTUUR

'n Tipe klipstruktuur wat veral voor 1820 in die suidelike Hoëveld en dele van Lesotho voorgekom het, waarna die konstruksie daarvan skynbaar gestaak is – waarskynlik as gevolg van die Difaqane. Die relatief klein strukture kan daarop dui dat dié wonings vir veewagters gebou is. Groter korbeelstrukture is ook deur vroeë wit setlaars in die Oos- en Wes-Kaap as kalkoonde gebruik.

SINK-ARGITEKTUUR

Spottende term wat in die koloniale tydperk gebruik is om na houtraamhuise wat met sink bedek is, te verwys. Dit word soms ook *Ironic Architecture* genoem. Hierdie materiaal is in die laat 1830's in die vorm van gegote plate in Engeland bekendgestel en het Suid-Afrika in die laat 1840's bereik. Omdat dit so lig is, was dit ideaal vir die vervaardiging en uitvoer van voorafvervaardigde huise na die koloniale markte van Indië, Australië en Suid-Afrika.

EDUARDIAANSE ARGITEKTUUR

Hoewel die eklektiese Victoriaanse en Eduardiaanse argitektuur baie oorvleuel, word die Eduardiaanse styl gekenmerk deur 'n vereenvoudiging van style en versierings. Strukture kom ooreen met neoklassieke beginsels en word gekenmerk deur elemente soos dakborswerings, kroonlysvensters en indrukwekkende portieke wat deur klassieke pilare ondersteun word. In huishoudelike argitektuur is skuifraamvensters vervang met swaairaamopeninge, verandas was eenvoudiger en meer pleisterwerk, sierpleistering en lyste is gebruik.

ARGITEKTUUR VAN DIE BRITSE SETLAARS

'n Gewysigde Engelse volksargitektuur wat na 1820 deur die Britse setlaars na die Oos-Kaap gebring is. Plaasgeboue was hoofsaaklik enkelverdiepings, maar dorpshuise het soms twee verdiepings gehad. Mure was dik klipmure en die stewige gras- of teëldak is aan albei kante met eenvoudige lineêre borswerinkgewels afgesluit. In baie gevalle was daar kaggels aan albei die ente van die geboue en die skoorsteen wat deur die toppunt van die gewel strek het gesorg vir die kenmerkende vierkantige dekstrook. Toe geboue daarna met slegs een kaggel opgerig is, is die vierkantige gewel dikwels as stilistiese kenmerk behou.

Kopiereg voorbehou

VERSTERKTE PLAASHUISARGITEKTUUR

Het gewoonlik bestaan uit 'n enkelverdiepingwoonhuis met fortagtige torings aan albei kante. Hoewel die eerste van sulke strukture so vroeg as 1803 deur Henry Lichtenstein onder die Outeniqua aangeteken is, het dit eers na die grensoorloë van 1835 in die Oos-Kaap algemeen geword.

GEORGIAANSE ARGITEKTUUR

'n Boustyl wat na die Britse anneksasie van die Kaap deur Britse administrateurs in 1806 na die Kaapkolonie ingevoer is. Gegrond op die Palladiaanse interpretasie van klassieke beginsel wat in dié tyd in Engeland gewild was, het die presiese afmetings, deftige struktuur en elegante interieurs in die Kaapse samelewing aanklank gevind omdat die invoer van luukshede uit Europa uitermate duur was. Dit word gekenmerk deur 'n eenvoudig afgewerkte fasade, borswerings, reëlmatige bevenstering, en, buiten die oordadige hoofingang, 'n afwesigheid van oormatige versiering.

GRIEKWAHUIS

Stereotipiese benoeming van wonings wat deur die Griekwa Khoi-Khoi immigrante in Griekwaland-Oos opgerig is. Dit was op die Kaapse kothuise wat deur Nederlandse koloniste gebou is gebaseer, en het bestaan uit 'n verhewe stoep voor wat na 'n reghoekige vertrek gelei het waarin 'n groot oop vuurherd met 'n massiewe skoorsteen aan die een kant was. Dit was 'n klipstruktuur met 'n strooidak en het gewoonlik nie vensters gehad nie. Dieselfde mense het soortgelyke strukture met platdakke op hul voormalige plase in die Noord-Kaap gebou.

HARTBEESHUIS

(mv. -e). Vanaf die Nederlands *hardbies* wat ‘harde riete’ beteken. 'n Woning wat tot aan die einde van die twintigste eeu deur wit en inheemse inwoners gebou is. Dit het bestaan uit 'n reeks gewysigde A-raam dakkappe wat op die grond geplaas en met riet bedek is. Kyk ook kapstylhuis.

HOËVELDWONING

Reghoekige struktuur, gewoonlik 'n enkele vertrek met 'n afdak wat vanaf 'n verhewe borsweringfasade na agter geval het. Hierdie plaaslike styl het tydens die laaste helfte van die agtiende eeu in Kaapstad ontstaan waar dit later ook met Maleise wonings of slawekwartiere geassosieer is. Die vorm en konstruksie daarvan was baie doeltreffend in warm, droë gebiede soos die Karoo waar dit in die negentiende eeu volop was. Dit is veral met die Trekboere van die tyd geassosieer wat na 1836 na dié gebiede gemigreer het. In daardie tyd is dit ook met die Griekwas van die Noord-Kaap geassosieer. Die bekendstelling van sink in die suider-Afrikaanse binneland na 1860 het tot die verspreiding daarvan gelei en ná die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 het dit sinoniem met landelike Afrikanerkultuur geword. Tydens die 1940's is dit deur swart boere op die Hoëveld aangeneem waar dit tot vandag toe redelik algemeen voorkom. Deesdae is dit egter veral sinoniem met stedelike plakkerskampe soos dié by Thaba 'Nchu in die Vrystaat en Winterveld naby Pretoria.

Kopiereg voorbehou

IRONIC ARCHITECTURE

Spottende term wat in die koloniale tydperk gebruik is om na houtraamhuise wat met sink bedek is, te verwys. Kyk ook 'Sink-argitektuur'.

KAKEBEENWA

Die naam het waarskynlik in die negentiende eeu ontstaan toe kinders kakebene van diere gebruik het om speelgoedwaens te maak. Dit word meer algemeen ossewa of Voortrekkerwa genoem. Dit is uit Swede, Estland, dele van Duitsland, Nederland, Pole en Roemenië afkomstig en is deur Nederlandse boere wat na die Kaapse binneland getrek het, gebruik. Alhoewel dit hoofsaaklik 'n vervoermiddel was, is dit deur die Trekboere as hoogs gespesialiseerde vorm van trekwoning aangepas. Daar is ook gevalle aangeteken waar waens as stilstaande wonings gebruik is. Uiteindelik het dit simbool geword van die groei van die Boererepublieke in die binneland van suidelike Afrika.

KAPSTYLHUIS

(mv. -e). Uit Nederlands, wat ‘huis met steil kappe beteken’. 'n Woning wat tot en met die einde van die twintigste eeu deur wit en inheemse inwoners van Suid-Afrika gebou is. Dit het bestaan uit 'n reeks A-raamkappe wat op die grond geplaas en met riet bedek is. Soortgelyke strukture waarvan die dak met sink bedek is, is meer onlangs in dele van die Noord-Kaap en Lesotho aangeteken. Kyk ook Hartbeeshuis.

KAROOHUIS

Kyk ook Hoëveldwoning.

KHOIKHOI-ARGITEKTUUR

Die Khoi-Khoi was nomadiese veeboere wat, voor die koms van wit setlaars na suidelike Afrika, in die Kaap, Vrystaat en suidelike Botswana gewoon het. Die term beteken waarskynlik ‘ware mense’. Om by hul nomadiese lewenstyl aan te pas, kon die wonings maklik afgebreek en verskuif word. Dit het bestaan uit ’n halfronde raamwerk van takke wat met rietmatte of dierevelle bedek is. Sulke strukture is ook deur die Nederlandse setlaars maantjiehuise, wat ‘klein maanhuisies’ beteken, genoem. Die Khoi-Khoi en die San is ook bekend vir 'n ander vorm van verskuifbare behuising wat bestaan uit 'n rietmat wat in 'n koepel gespan en in die grond vasgepen is. 'n Ander rietmat is regop in 'n halfmaan daaragter geplaas om 'n windskerm te vorm.

LOBEDU

Inheemse groep wat 'n streek van Limpopo suid van Venda bewoon. Die mense is beter bekend as die vaLobedu.

Kopiereg voorbehou

MATABELE

Shona-aanpassing van die woord amaNdebele. Die Sotho/Tswana het die Nguni-groep wat in 1822 onder Mzilikazi uit noordelike Zoeloeland getrek, en uiteindelik in 1837 westelike Zimbabwe gevestig het, so genoem. Die woord is afkomstig van die Tswanawoord *tebele* wat 'plunderaar' of 'vreemdeling' beteken. Die Matabele moet nie met die Ndebele-groepe van die voormalige Transvaal verwar word nie.

MATSKUILINGS

Tydelike skuilings wat deur die nomadiese Khoi-San veeboere en jagter-versamelaars in die sentrale Kaapse streek gebruik is. Dit het bestaan uit 'n grasmat wat in 'n koepel gespan en met twee stokke in die grond geanker is. 'n Tweede mat is regop in 'n halfsirkel agter die matkoepel geplaas om as windbreker te dien. Onder bepaalde omstandighede kon enige van die matte onafhanklik van mekaar gebruik word om oornagskuiling aan reisigers te bied.

MFENGU

Versamelnaam vir die Ngunisprekende groep, wat hoofsaaklik vanaf Zoeloeland afkomstig is en tussen 1822 en 1837 na die suidelike Oos-Kaap gevlug het. Die Xhosasprekers op wie se grond hulle uiteindelik gevestig het, het die naam, wat 'bedelaars' of 'huislose swerwers' beteken, vir die groep gebruik. Hulle staan ook as die Fingo's bekend – 'n verengelsing van amaMfengu.

MPONDO

Ngunisprekende groep uit die kusstreek uit die noord-oostelike Transkei. Hulle staan meer korrek as die amaMpondo bekend, maar is ook deur die wit setlaars Pondo's genoem.

MPONDOMISE

Ngunisprekende groep van die Qumbu-distrik in sentrale Oos-Kaap. Hulle is meer korrek as die amaMpondomise bekend.

NDEBELE

Selfstandige naamwoord in Sotho/Tswana wat in verskeie kontekste vir inheemse groepe gebruik kan word wat op die hoëveldstreek van suidelike Afrika gevestig of daardeur getrek het. Die stam van die woord is van die Tswana afkomstig wat 'plunderaar' beteken. Vroeër is daar geglo dat dit 'n benaming is wat deur die Sotho's/Tswanas geskep is as algemene term vir die Ngunivolke, maar onlangse navorsing toon dat die gebruik daarvan ook in 'n Sotho-/Tswanakonteks gebruik word. Verskeie groepe in die verlede en tans gebruik die woord of afleidings daarvan. Dit sluit die Matabeles van westelike Zimbabwe, die Suid-Ndebele van die voormalige suidelike of oostelike Transvaal, die Noord-Ndebele van die voormalige sentraal Transvaal en die Hlubi-stam van die Tlokwa, wat in die Nqutu-distrik van KwaZulu-Natal woon, in. Hul taal word isiNdebele genoem.

Kopiereg voorbehou

PEDI-ARGITEKTUUR

Die Pedi is 'n Sotho-/Tswanasprekende groep wat die Sekhukhuneland-streek van sentraal en noordelike Gauteng bewoon. Hul argitektuur stem baie met dié van die Tswana bure ooreen en bestaan hoofsaaklik uit 'n ronde gebou met 'n keëldak en 'n breë stoep rondom. Sien ook ‘Tswana-argitektuur'. Hul nedersettings is in 'n waaiervorm met 'n sentrale veekraal wat ook dien as bymekaarkomplek vir die mans en 'n plek vir grafte en aanbidding.

VOORAFVERVAARDIGDE ARGITEKTUUR

Dit wil voorkom asof die konsep van voorafvervaardigde geboue in 'n fabrieksomgewing in die vroeë negentiende eeu in Brittanje ontstaan het toe koloniale uitbreiding 'n goeie mark vir verskuifbare behuising van goeie gehalte daargestel het. Alhoewel hierdie strukture aanvanklik uit hout vervaardig is, het industriële bou-elemente soos sinkplate en gietyster die omvang van vorm en tekstuur wat vir sulke konstruksiestelsels gebruik kon word, uitgebrei.

SAN-ARGITEKTUUR

Die San was 'n inheemse groep jagter-versamelaars wat tot die vroeë deel van die negentiende eeu in suidelike Afrika gewoon het. Hul naam is van die Khoi-Khoi afkomstig en beteken 'iemand met vee'. Hul argitektuur is hoofsaaklik bepaal deur die nomadiese aard van hul samelewing en het oorhangende kranse, grotte, tydelike skuilings van takke en plantmateriaal, asook meer formele matskerms en skuilings ingesluit wat deur die nomadiese Khoi-Khoi veeboere van die sentrale Kaapse streek gebruik is. Dit het bestaan uit 'n grasmat wat in 'n koepel gespan en met twee stokke in die grond vasgepen is. 'n Tweede mat is regop in 'n halfsirkel agter die matkoepel geplaas om as windbreker te dien. Onder bepaalde omstandighede kon enige van die matte onafhanklik van mekaar gebruik word om oornagskuiling aan reisigers te bied. Reisigers het ook in die vroeë negentiende eeu aangeteken dat die San 'n tipe byekorfhut soos die Khoi gebou het.

SHONA

'n Groep wat inheems aan Zimbabwe is, alhoewel daar geglo word dat hul grond groot dele van Limpopo ingesluit het. Die meer korrekte benaming is maShona en hul taal word chiShona genoem. Daar word geglo dat die Venda deel van 'n groter Shonagroepering uitmaak.

SOTHO-ARGITEKTUUR

Die Sotho is inheems aan die binneland van suidelike Afrika en woon vandag in Lesotho en die suidelike Hoëveldstreek. Hul argitektuur het oor die afgelope aantal jare uitgebreide veranderinge ondergaan. Op een tydstip was die gebied bekend vir bykorfwonings van gras met uitstaande, snoet-agtige ingange, maar sedert die 1920's het die boustyl verander na 'n ronde struktuur met grasdak in die vorm van 'n keël wat met die afdakwonings van die Hoëveld om prominensie meegeding het. Laasgenoemde woning word dikwels met helderkleurige fasades versier.

Kopiereg voorbehou

SUID-NDEBELE-ARGITEKTUUR

Die Suid-Ndebele woon in die Mphumalanga-streek noord-oos van Pretoria, tussen Middelburg en Groblersdal. Hul argitektuur is op dié van hul noordelike bure en politieke bondgenote, die Pedi gebaseer. Hul wonings was rond met 'n stoep wat om die buiteomtrek loop, maar is deesdae vierkantige, afdakstrukture met borswerings soos wat in die suidelike Hoëveld voorkom. Sedert die 1940's het die vroue kenmerkende polichromatiese muurkuns ontwikkel wat gebaseer is op die patrone wat hulle in die stedelike lewe in dorpe rondom hulle waargeneem het.

AMERIKAANSE LATSTL

'n Styl van plaaslike houtkonstruksie wat in die laaste deel van die negentiende eeu veral in Amerika voorgekom het. Dit kan rofweg met die laat Victoriaanse Eklektisisme vergelyk word. (English: STICK STYLE).

STELT-ARGITEKTUUR

Alhoewel steltstrukture in die verlede deur verskeie groepe in suidelike Afrika gebou is, was dit hoofsaaklik vir hoenderhokke en graanstore, of in sommige gevalle vir wapenstore. Die enigste uitsondering op dié reël is in die 1830's deur reisigers na die huidige Noordwes en die ooste van Botswana aangeteken waar grashutte op 'n steltplatforms of in die takke van bome gebou is.

SWAZI-ARGITEKTUUR

Die Swazi, Ngunisprekende groepe, bewoon die noord-oostelike deel van die suidelike Afrika, in die Koninkryk van Swaziland. Hulle staan meer korrek as die amaSwazi bekend en hul taal is siSwati. Hul argitektuurtradisie is soortgelyk aan dié van hul Zoeloe bure en hulle maak baie gebruik van grasbedekte byekorfhutte. In moderne tye is die hutte vervang met ronde geboue met keëldakke.

TYDELIKE SKUILINGS

Is vir 'n verskeidenheid redes opgerig, soos om oornagskuiling aan reisigers te bied, of om 'n sterwende persoon in sy/haar laaste lewens-ure te huisves.

THEMBU

Ngunisprekende groep wat in die sentrale gedeelte van die Oos-Kaap woon. Die mense staan as die abaThembu bekend.

Kopiereg voorbehou

TREKBOER-ARGITEKTUUR

Die naam 'trekboer' is gebruik vir die Nederlandse veeboere wat tydens die agtiende en negentiende eeue in die droeër dele van die Kaap gevestig het. Die argitektuur was funksioneel en het gepas by hul nomadiese veeboerleefstyl. Hulle het verskeie plaaslike vorms gebruik, waaronder die ossewa, Khoi-agtige matbyekorfhutte, Kaapse kothuise, hartbeeshuise, kapstylhuise en platdakhuise. Sulke strukture was gewoonlik swak gebou en is selde ontwerp om aan langtermyn ekonomiese behoeftes en sosiale verwagtinge te voldoen.

TSONGA-ARGITEKTUUR

Die Tsonga is 'n inheemse groep wat in die oostelike kusstrook van suidelike Afrika vanaf Kosibaai in die suide tot by Sofala in Mosambiek woon. As gevolg van die Difaqane het sommige groepe weswaarts beweeg tot in die gebied ten suide van Venda, wat vandag as Gazankulu bekend is. Die mense staan as vaTsonga bekend en hul taal is siTsonga. Hul argitektuur is hoofsaaklik ronde wonings met stoepe reg rondom met lae dakrandte wat deur stewige pilare ondersteun word. In moderne tye het die vroue ook begin om hul huise se mure met helder, polichromatiese ontwerpe te versier.

TSWANA-ARGITEKTUUR

Die Tswana is inheems aan die binneland van suidelike Afrika en behoort aan die groter Sotho/Tswana groepering. Alhoewel hulle aanvanklik die meeste van die Hoëveldstreek bewoon het, het die Difaqane baie gedwing om weswaarts te migreer. Vandag woon die Tswana in Botswana, dele van Noordwes, die Noord-Kaap en ook 'n klein groepie in die Thaba 'Nchu-distrik in die Vrystaat. Die Tswana is bekend vir hul ronde huise met stoepe reg rondom, en keëldakke. Hulle het dié huise sedert die 1600's of selfs vroeër in Noordwes, die Noord-Kaap en oostelike Botswana opgerig. Alhoewel die meeste strukture deesdae uit een woonvertrek bestaan, was dit in die verlede redelik gesofistikeerde wonings wat 'n aantal slaapvertrekke en stoorruimtes ingesluit het. Nedersettings was gewoonlik in stamverband, maar die skaarste van water in die streek het gelei tot die ontwikkeling van groot stedelike sentra waar, in die verlede, geskatte bevolkings van tussen 10 000 en 20 000 mense gewoon het.

VENDA-ARGITEKTUUR

Die Venda is inheems aan Limpopo en die gebied wat aan oostelike Zimbabwe grens. Die plaaslike argitektuur word gekenmerk deur breë dakrandte wat dikwels deur stoeppale ondersteun is wat reg rondom die gebou strek, en klip is vir verskanste dorpies vir die hoofmanne gebruik. Muurversierings wat deur die vroue gemaak word figureer op die buitemure wat verskil van die ronde patrone wat oorwegend in die res van suidelike Afrika voorkom.

Kopiereg voorbehou

STOEPWONINGS

Generiese term wat gebruik word om enige woning met 'n stoep te beskryf. Dit kan 'n gedeeltelike stoep wees wat een of meer fasades van 'n gebou bedek, of 'n volle stoep, soos in rondawels, wat rondom die struktuur strek. Alhoewel stoepwonings inheems aan baie dele van suidelike Afrika is, kan die gebruik daarvan as koloniale gebou waarskynlik daaraan toegeskryf word dat dit tydens die negentiende eeu vanaf Indië na KwaZulu-Natal ingevoer is.

VICTORIAANSE ARGITEKTUUR

Alhoewel die Victoriaanse tydperk gekenmerk is deur 'n weelderige en ryk argitektuur, het baie van hierdie karakter op die gebruik van versierings berus. Aanvanklik is gesnede of gedrewe houtwerk as stoepversierings, windvere, gewelversierings en solderlugroosters gebruik, maar die redelike beskikbaarheid van gietysterversierings het 'n rykheid aan die versiering van dakrandte en stoepe verleen. Alhoewel die geneigdheid was om Kaaps-Hollandse en Georgiaanse wonings te moderniseer deur stoepe voor en agter aan die huise aan te bring, is baie openbare gebou ook opgerig. Die styl is beter bekend vir die eklektiese daarvan, wat elemente insluit wat geneem is uit die Middeleeuse Gotiese, Italiaanse, Romaanse en Bisantynse tradisies. Ornamentele skoorstene, komvensters, houtskuifraamvensters, daklugroosters en patroonsteenwerk is algemeen gebruik – veral ná 1870 en die ontdekking van diamante en goudneerslae in die binneland van suidelike Afrika.

XESIBE

Ngunisprekende groep uit die noordelike deel van die Oos-Kaap. Die mense staan as die amaXesibe bekend.

XHOSA-ARGITEKTUUR

Die Xhosa is 'n Ngunisprekende groep uit die suidelike deel van die Oos-Kaap. Alhoewel die Xhosasprekende groepe van suidelike Afrika nie as 'n enkele entiteit beskou kan word nie, het hul argitektoniese kultuur 'n groot mate van eensoortigheid bereik. Dit wil voorkom asof die meeste, indien nie alle groepe nie, halfronde grasbyekorfhuise gebou het, maar vroeg in die 1900's is dit met ronde strukture met keëldakke vervang. Behalwe enkele streeksvariasies in boumetodes en teksture, verteenwoordig dié 'n eenvormige argitektoniese styl vir die streek. Dit het sedert die 1920's toegeneem toe plaaslike vroue begin het om monochromatiese patrone met witkalk op die huise se mure aan te bring wat daartoe gelei het dat sommige geskiedskrywers na hulle as die 'witgesigte' verwys het.

Kopiereg voorbehou

ZULU-ARGITEKTUUR

Die Zoeloes was oorspronklik 'n klein Ngunisprekende groep van ongeveer 2 000 wat tussen die bolope van die Mhlathuze en die Wit Umfolozirivier gewoon het. Onder leiding van Shaka het die groep tussen 1816 en 1819 politieke heerskappy verkry. Die Zoeloe-koninkryk het uiteindelik langs die oostelike kusstrook vanaf Pongola in die noorde tot aan die Tugela in die suide versprei. Die woord 'amaZulu' beteken 'kinders van die lug'. Hul argitektuur word tot nou toe gekenmerk deur die algemene gebruik van ronde strooidakwonings in wye ronde nedersettings met veekrale in die middel. Die populêre stereotipe het egter sedert die 1950s baie verandering ondergaan toe die rondawelstrukture die mooier, maar minder doeltreffende koepelstrukture vervang het.

(Leerders mag enige van die tipiese Suid-Afrikaans style bespreek, maar punte moet toegeken word soos die vraag hier bo toelaat – VYF punte vir elke onderafdeling)

4.2 A – Driedubbele skuifvenster
B – Landskapvenster (swaairaam)
C – Hortjiesvenster
D – Komvenster
E – Dubbel vensterdeure
F – Deure met katedraalvensters
G – Soldervensters
H – Bobeuk
I – Hoekvenster
J – Dubbele skuifvenster

(10 × 2) (20)

4.3 Die meeste antieke handgeweefde matte word Persiese of Oosterse matte genoem. Die terme 'Persiese' of 'Oosterse' word dikwels uitruilbaar gebruik.

Hierdie handgeweefde matte het 'n eie geskiedenis van eeue-oue ingewikkelde patrone, natuurlike wol, duursaamheid en aansienlike vakmanskap wat dit die waardevolste en mees gesogte matte in die wêreld maak.

Die meeste matte wat in Indië of die Midde-Ooste, wat China, Indië, Egipte, Afghanistan, Pakistan en Iran insluit, gemaak is, word as Oosters beskou. Toe die Persiese Ryk sy toppunt bereik het, was Persiese matte die gewildste onder Europese verbruikers. Aangesien Persiese matte tegnies gesproke ook Oosters is, is die twee terme verwar en uitruilbaar gebruik.

Daar is tog effense verskille tussen Oosterse en Persiese matte. Alle Persiese matte is Oosters, maar nie alle Oosterse matte is Persies nie.

Die volgende is enkele verskille tussen Oosterse en Persiese matte.

Oorsprong
Die oorsprong is een van die groot verskille tussen die twee style. Handgeweefde matte wat in lande soos China, Turkye, Tibet, Indië, Pakistan, Iran en Egipte gemaak is, word Oosterse matte genoem. Enige mat wat in Oosterse lande anders as Iran gemaak is, word Oosterse matte genoem.

Persiese matte is tegnies gesproke Oosterse matte wat in die Midde-Ooste, spesifiek Iran, wat vroeër as Persië bekend was, gemaak is.

Knooptelling
Nog 'n verskil is die manier waarop die matte geknoop word. Ware Oosterse en Persiese matte word met die hand op weefgetoue geknoop. Oosterse matte word met 'n simmetriese Ghiordesknoop geknoop. Persiese matte word dikwels met 'n asimmetriese knoop of Sennaknoop geknoop. Persiese matte word as matte van die hoogste gehalte in die wêreld beskou en het baie hoë knooptellings.

Ontwerpe en patrone
Deesdae verwys Persiese en Oosterse matte na die styl, tegniek en ontwerp van die mat eerder as die streek waar dit vervaardig word. Persiesematontwerpe word na die stam of stad vernoem waar dit geskep word. Tabriz, Hamadan, Gabbeh, Heriz, Kashan, en Kerman is sommige van die gunstelingontwerpe. Persiese matte het gewoonlik 'n dik pool (tot 160 knope per vierkante duim), uitermatige ryk kleurkombinasies en unieke ontwerpe soos peule, granate, bekers, kruise en kamme.

Die ontwerpe in Oosterse matte verteenwoordig onderskeidende gebruike en tradisies van die streek waarin dit gemaak word. Symatte is byvoorbeeld 'n gewilde produk van China wat deur tradisionele Boeddhis-motiewe en kleure gekenmerk word.

Materiaal
Sommige materiale word algemeen tussen die twee kenmerkende style gebruik. Persiese matte, afhangend van waar dit geskep is en wie die vakman was, word tipies van kameelhaarwol, Qurk-wol (Persiese wol van die hoogste gehalte wat van die skaap se nek af kom), Manchester-wol en ook katoen gemaak.

Oosterse matte kan met of sonder pool geweef word deur materiale soos sy, wol en katoen te gebruik. Oosterse matte bevat gewoonlik meer katoen wat die matte minder gesog onder versamelaars maak en meer vatbaar is vir skade of verbleiking.

Kopiereg voorbehou

Handwas
Die eeue-oue tradisionele proses om 'n mat met die hand te was is 'n groot verskil tussen Oosterse en Persiese matte. Een van die redes waarom Persiese matte as die sagste in die wêreld beskou word, is omdat dit tradisioneel met die hand gewas word.

Slotsom:
Oosterse en Persiese matte is pragtig en uniek. Albei tipes se waarde verhoog met verloop van tyd. Om as 'n ware Persiese of Oosterse mat beskou te word, moet die mat deur vaardige vakmanne met die hand gemaak word. Hierdie matte verteenwoordig kultuur en tradisie en word as erfstukke beskou. Deesdae word baie elemente van matte, soos die kleurstof en draad, met masjiene geskep. Dit word egter steeds met die hand en dieselfde tegniek geknoop wat vir honderde jare gebruik is.

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou